# Hoërskool Transvalia

60

1958 - 2018

Tel: (016) 932-1155/6
Finansies: (016) 932-1176
Faks: (016) 932-5252
E-Pos: valia@hstransvalia.co.za
Webblad: www.hstransvalia.co.za

Posbus 12012
LUMIER
1905
H/v Schumann & Bach str.
Vanderbijlpark S.W. 5

Verwysing: ..........................................

18/01/2024

**OUER-OMSENDBRIEF NO 1 VAN 2024**
Geagte Ouers/ Voogde

**VERWELKOMING**
'n Besondere woord van welkom aan die Gr 8's, asook ander nuwe leerlinge en hulle ouers in die Transvalia gemeenskap. Ons vertrou dat julle vinnig sal inskakel en gelukkig sal wees. Ouers word uitgenooi om betrokke te raak by aktiwiteite. U moet asb. vrymoedigheid neem om enige probleme onder die skool se aandag te bring.

**PERSONALIA**
Hartlik welkom aan die volgende personeel wat vanjaar by Transvalia aansluit:
Me. A Fivaz (BS/LO), Me. A Botes (Wisk), Me. J van Zyl (RTT), Me. K Herley (Wisk),
Mnr. H Valentine (LO), Mnr. H Heydenrych (SW), Mnr. H Fick (Geo).

Ons verwelkom ook twee nuwe sportdirekteure in ons midde:
- Mnr. Stephan de Villiers – Direkteur krieket/ atletiek
- Me. Linda Heymans – Direkteur hokkie/atletiek.

Ons wens die bogenoemde personeellede 'n lang en gelukkige verbintenis toe by Transvalia.

**VERPLIGTE OUER-INLIGTINGSVERGADERING VIR GR.9 – 12**
Ouers/ voogde en hul kinders word uitgenooi om 'n verpligte vergadering in die skoolsaal op die volgende datums om 17:30 vir 18:00 te kom bywoon. Presensie word geteken voor die vergadering aanvang neem.
- 31 Januarie 2024: Graad 9
- 30 Januarie 2024: Graad 10
- 30 Januarie 2024: Graad 11
- 24 Januarie 2024: Graad 12



5563 ONS Print: 0861 667 123

**AFHAAL VAN HANDBOEKE EN BETALING VAN EERSTE PAAIEMENT**
Betaal die eerste paaiement van die skoolgelde naamlik R3000.00. Gelde is ook per internet betaalbaar, sodat leerders handboeke kan ontvang vir die die aanvang van die nuwe skooljaar. **Inbetalings word by die boekstoor getoon.**

**LET WEL!!** Verwerking van meriete beurse en subsidies gaan nie plaasvind, alvorens die R3000.00 betaal is nie, want dit maak nie deel van meriete beurse en subsidie uit nie.
**Indien u sou versuim om die betaling te doen, gaan u kind sonder handboeke wees tot en met die inbetaling. Ouers wat probleme ervaar met die eerste paaiement moet Me Fourie (Debiteure) kontak vir reëlings.**

**SKOOLGELDE BETAALBAAR VIR 2024**
Leerders wat op akademiese-, sport-, kultuur- en leierskapgebied in 2023 presteer het, kan in aanmerking kom vir merietebeurse, **wat korting op skoolgeld** beteken en kan hiervoor in **Januarie** aansoek doen. **Merietebeursvorms sal in Januarie beskikbaar gestel word** en moet teen einde Januarie ingedien wees.
Neem asb. ook kennis dat ouers wat finansiële probleme ondervind en wat volgens bruto inkomste kwalifiseer volgens Staatsregulasie 29311, kan aansoek doen vir subsidie deur die nodige aansoekvorms by die Finansiële kantoor te kry en in te dien.

Neem kennis dat die aansoeke vir subsidie einde Januarie 2024 sluit en dat die voorgeskrewe aansoekvorm en stawende dokumente dan deur die Beheerliggaam van die skool verwerk word. Riglyne volgens Staatsregulasie 29311 sal dan deur die Beheerliggaam gebruik word om subsidies toe te ken.

Skoolgelde vir 2024 beloop in totaal R19 600.00 per leerling per jaar. 'n Eerste paaiement van R3000.00 is dadelik betaalbaar.

**Die res kan soos volg afbetaal word:**

- 10 gelyke paaiemente van R1660.00 per maand (Februarie tot November)
- Ten volle betaal teen einde Februarie met 10% korting op R16 600.00

**SENTRUMFONDSE:**

- R 300.00 : Drama
- R 400.00 : IT; RTT; Visuele Kuns;
- R 500.00 : Verbruikerstudie; Pas en Draai

Leerders wat ekstra vakke wil neem (bv. 8ste vak), moet in Graad 10 daarmee begin. Ekstra koste van R 200.00 per vak, per jaar moet betaal word.

**ROETE BUSTARIEWE:**

- Kwartaalkaartjies R 2 000.00
- Jaarkaartjies R 6 000.00

**BANKBESONDERHEDE VIR INBETALINGS**
**BANK:** **ABSA**
**REKENINGNOMMER:** 530 390 594
**TAKKODE:** 632005
**VERWYSING:** Skoolfondsrekeningnommer

**EKSTRA BENODIGDHEDE BY ONDERSKEIE VAKKE**
Alle inbetalings vir werkboeke en sommige handboeke **(wat nie by die eerste paaiement ingesluit is nie)** moet asb. elektronies **OF** met 'n bankkaart betaal word.
**GEEN KONTANT NIE ASB.**

Meld as verwysing die leerling se naam en waarvoor die betaling is. Toon bewys van betaling by onderskeie vakpersoneel.

| | |
|---|---|
| **Natuurwetenskap** | Werkboeke:<br>Graad 8 - R260.00<br>Graad 9 - R260.00<br>Graad 10 en 11 Fisika en Chemie - R420.00<br>Graad 12 – Fisika en Chemie R540.00<br>Betaal asb. eenmalig. Die boeke word vanaf kwartaal 1 gebruik. |
| **Besigheidstudies** | Handboek:<br>Graad 10 - R130.00<br>Graad 11 – R130.00<br>Graad 12 – R130.00<br>Moet asb. nie vorige jare se handboeke by leerders oorneem nie, want die werk is aangepas. |
| **Wiskunde** | Hardeband skrif met 288 bladsye – Graad 10 tot 12. |
| **Rekeningkunde** | Werkboek:<br>Graad 10 tot 12 - R220.00<br>'n Sakkielêer (50) (Flip file). |
| **IGO** | Werkboek:<br>Graad 10 en 11 – R300.00<br>Graad 12 – R150.00 |
| **Kuns** | **Graad 10** - Visual Jotter (A3 – tekenboek) verkieslik met 'n harde buiteblad. Tekenpotlode (grys/grafiet), kan apart gekoop word of in stelle (soos leerder verkies). As dit apart gekoop word, moet jy 'n B, 2B, 4B en 6B/8B en "charcoal" tekenpotlood hê. Putty-uitveër (Kneadable art eraser), 'n stel kwasse met verskillende groottes, akrielverf.<br>**Graad 11** - Bronboek (A2) met boksomhulsel en handvatsel. Mixed media pad. |
| **Verbruikerstudies** | Graad 10 – Handewasseep, voorskoot of sjefjassie, hoedjie/ haarnet, afdroogdoek wat hulle elke keer moet huis toe neem en weer saambring. (Alles by Makro beskikbaar.) |
| **EBW** | Werkboek: R150.00 |
| **Ekonomie** | Graad 10 – 12: R90.00 |
| **Kuns en Kultuur** | Graad 8 – 9: R50.00 |
| **Geografie** | Graad 10 – 12: R90.00 |

**Plastiek Portefeuljelêers vir:**

| | |
|---|---|
| **Engels** | Graad 8 (Pienk);<br>Graad 9 (Rooi);<br>Graad 10 (Groen);<br>Graad 11 (Pers);<br>Graad 12 (Donkerblou). |
| **Afrikaans** | Personeel sal persoonlik met leerders reël.<br>Graad 12: Sakkielêer (Flipfile minimum 20) vir poësie en kleurpenne. |
| **Besigheidstudies** | Graad 10 - 12: Almal pers. |
| **Ekonomie** | Graad 10 (Rooi). |
| **Inligtingstegnologie** | Dun ringlêer.<br>Graad 10 (Ligblou);<br>Flashdrive – min 16 GB Graad 10 tot 12. |
| **Kuns en Kultuur** | Graad 9 Sakkielêer met 10 bladsye;<br>5 swart kartonne;<br>inkleurpotlode of vetkryte. |

Alle ander vakke: 1 Portefeuljelêer per vak van enige kleur.
**Let wel: Leerders mag nie met assesseringstake in uitwisbare ink werk nie.**

**FACEBOOK**
Ouers is welkom om op ons Facebook blad te gaan kyk vir die nuutste nuus en inligting. Die blad se naam is Valia LOR.

**KOÖRDINERING VAN PERSONEEL WAT 'N VAK IN DIESELFDE GRAAD DEEL**
Dieselfde kurrikulum word deur die onderskeie personeel, wat dieselfde vak in 'n graad aanbied, behandel. Al die klasse skryf oor dieselfde werk toetse, dus sal al die klasse dieselfde werk afgehandel het, waaroor hulle skryf. U moet egter daarvan bewus wees dat nie al die onderwysers van dag tot dag identies dieselfde vorder nie. Daar is aktiwiteite in die skoolprogram en periode-lengtes wat verskil, wat dit nie moontlik maak nie. Op die uiteinde sal almal egter op dieselfde plek met die werk wees.

**LEERLINGE MET MOTORS EN MOTORFIETSE**
Slegs leerlinge met geldige bestuurslisensie sal toegelaat word om in die skoolterrein te parkeer. 'n Afskrif van die lisensie moet by die kantoor ingehandig word.

**OP- EN AFLAAI VAN LEERLINGE**
Ouers/ voogde moet asb. daarop let dat u **NIE IN DIE SKOOLHEK OF IN DIE STRAAT VOOR DIE HEK** moet stilhou, om leerlinge op en af te laai nie. U moet asb. ook nie in die oggend by die sporthek inry om leerlinge binne af te laai nie. U moet asb. op die sypaadjie stilhou en **nie in die straat nie**. U kan ook van die deurry in Schumannstraat langs die netbalbane gebruik maak. Deur ons hiermee te help, kan ons die verkeervloei en ophoop van motors en leerlinge voor ons ingange, ten goede verbeter. U moet asb. ook nie by die kantooringang voor die hek stop nie. Baie dankie byvoorbaat vir u samewerking.

**AFWESIGHEDE EN AFTEKEN**

Ons herinner ons ouers/ voogde aan die reëling om asb. vir die skool 'n e-pos te stuur na afwesighede@hstransvalia.co.za wanneer u kind afwesig is. Afwesighede moet tot die minimum beperk word. Wanneer leerlinge met enige formele asseseringstaak (toetse, eksamens, SBA-opdragte) afwesig is, moet 'n doktersbrief per e-pos gestuur word aan afwesighede@hstransvalia.co.za en die oorspronklike brief binne drie dae ingedien word by die kantoor en 'n afskrif by die voogonderwyser. Wanneer 'n leerder afwesig was met enige asseseringstaak wat punte tel, moet daar 'n reëling getref word met die vakonderwyser om dit in te haal.

Wanneer 'n leerling nie deur die ouer/ voog persoonlik afgeteken word nie, moet die persoon wat dit namens die ouer/ voog doen, 'n skriftelike toestemmingsbrief met 'n kontaknommer van die ouer/ voog toon. 'n E-pos kan gestuur word aan ontvangs@hstransvalia.co.za.

**KOOR OUDISIES**

Kom sing jou hart uit en maak musiek deel van jou siel. Koor oudisies vir graad 8-leerders en ander belangstellendes sal binnekort afgekondig word. Name vir oudisies word by Me. Prinsloo in K16 opgegee. Oudisies vind binnekort plaas.

**REDENAARS**

Die interne Redenaarskompetisie is die 8ste Februarie, 18:00 in die saal.
Alle leerders wat wil deelneem moet by Me. P Olivier in K35 aanmeld.
ATKV-inskrywings sluit 16 Februarie 2024.

**MUURBAL**

Alle voornemende spelers moet asb. by Mev. K Kotzé in die mediasentrum 'n draai maak.

**SKAAK**

Valia oop skaaktoernooi vind op 2 Maart 2024 plaas.

**FIETSRY**

'n Fietsryvergadering vind op 23 Januarie 2024 om 18:00 in die saal plaas. Almal wat belangstel om hierdie jaar fiets te ry, word uitgenooi.

**AKADEMIESE PRYSUITDELING**

Ons akademiese prysuitdeling vind vanjaar op 29 Februarie 2024 te Kompasgemeente om 18:00 plaas. Reëlings sal met betrokke leerders getref word. Alle aanmeldings vir die prysuitdeling word by Me A Venske gedoen.

**GRAAD 8 SKOOLBAADJIES**

Graad 8-ouers neem kennis dat indien u nog nie die gratis skoolbaadjie by Sedgars gaan afhaal het nie, moet u dit so spoedig moontlik doen veral ten opsigte van ons graad 8 klokseremonie wat op 19 Februarie 2024 plaasvind.

Sterkte vir die jaar met al die aktiwiteite.

**JR VENSKE**
**HOOF**

**BELANGRIKE DATUMS**

ATLETIEKDATUMS 2024

| DATUM | BYEENKOMS | WAAR |
|---|---|---|
| 22 Januarie 2024 | Interhuis | Transvalia |
| 26 Januarie 2024 | Germiston | Germiston |
| 2 Februarie 2024 | Itec byeenkoms (tuis) | DP de Villiers |
| 2 Februarie 2024 | Distriks (dorp skole) | Transvalia |
| 6 Februarie 2024 | Aflosaand | DP de Villiers |
| 7 Februarie 2024 | Top 15 | Noordheuwel |
| 9 Februarie 2024 | Midstream | Weg |
| 13 Februarie 2024 | Top 10 Prestige | Weg |
| 16 Februarie 2024 | Linden | UJ |
| 17 Februarie 2024 | Curro: Dogterspan | Pilditch |
| 19 Februarie 2024 | D8 | DP de Villiers |
| 23 Februarie 2024 | Noordheuwel | Weg |
| 28 Februarie 2024 | Super 16 | Weg |